UITSLAG VAN VERKIESING – RAADSLID VERTEENWOORDIGEND VAN DIE US KONVOKASIE

8 September 2023

Die Universiteit Stellenbosch (US) bevestig dat dr Louise van Rhyn, as lid van die US Konvokasie, die suksesvolle kandidaat in die verkiesing as 'n Raadslid vir die termyn 11 September 2023 tot 10 September 2027 is. Die Konvokasie kies uit eie geledere drie persone om in die US Raad te dien. Slegs een vakature as Raadslid was beskikbaar. Sewe geldige nominasies is vir die vakature ontvang en die stemming het dienooreenkomstig plaasgevind.

Die Universiteit bevestig ook dat een kandidaat ingevolge paragraaf 3.12 van die "Prosedure om Konvokasielede te nomineer, te verkies en aan te wys om in die Raad en die Institusionele Forum te dien" gediskwalifiseer is. Die kandidaat is gediskwalifiseer omdat die US-logo tydens die veldtog gebruik is. Die stemme wat vir die kandidaat uitgebring is, is buite rekening gelaat ten opsigte van die finale uitslae.

In openbare belang, maak die US die aantal stemme wat kandidate ontvang het, bekend:

Dr Louise van Rhyn (1059)

Mnr JA Smit (1040)

Mnr GN du Plessis (885)

Mnr JN de Villiers (580)

Prof JH Hambidge (192)

Dr TR Joseph (158)